NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 30
7 Augustus 2025

## Wie se stem hoor jy?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Augustus is sinoniem met Vrouemaand en daarmee kom ook die viering van Vrouedag op 9 Augustus. Dan skyn die kollig gewoonlik op vroue wat toekennings verower het en voorlopers in ons samelewing is. Hierdie vroue se stemme word gehoor waar hulle besig is met navorsing, of sosiale en maatskaplike kwessies uitlig of as sakevroue die leer van sukses klim.**

Wanneer ons die kollig verskuif na die minderbekende vroue in die samelewing, die werkende vroue, die enkellopende ma's en die onsigbare helpers, haal hul stories en foto's nie altyd die nuus en voorblaaie nie.

Hierdie vroue bewandel ons wêreld dikwels met pleisters aan hul voete, stukkende harte en verlore drome. Maar met hul selfwaarde skort daar niks! Hulle is die dapper vroue wat op hul eie 'n verskil in mense se lewens maak. Dis ook dié vrouelidmate wat besig is met dienswerk in hul gemeentes.

Ons lees in die Bybel van vroue wat leiersfigure was, wat raad vir hul kinders gegee het, en wat 'n verskil gemaak het in en 'n impak gehad het op ander se lewens. Vroue wat die stem was vir iemand wat dit nodig gehad het.

Wie se stem hoor jy? Wie het vir jou 'n stem gegee? Waar het jy bewus geword dat jou stem saak maak? Dink terug aan die dag toe jy as vrou besluit het om jou hele menswees te omhels en om vir jouself lief te wees – foute en al! Daardie dag toe jy jou selfwaarde besef het.

Wanneer ons vroue in ons geheue oproep, speel ons ma's 'n baie belangrike rol. My ma het my geleer dat 'n vrou 'n stem het en vir ander moet praat wat nie kan praat nie. Sy het my geleer van onvoorwaardelike liefde en om verantwoordelikheid vir jou keuses en optrede te aanvaar. Jou ma se stem is dikwels die refrein wat jy vir die res van jou lewe hoor.

Die vrou in die spieël kan ook met jou praat – sy ken jou eintlik die beste van almal. Moenie ophou skyn omdat iemand anders nie van jou lig hou nie. Moenie ophou praat omdat iemand anders nie van jou opinie hou nie. Daar sal altyd iemand wees wat nie jou waarde sien nie – mag dit nooit jyself wees nie!

Die idee van Vrouemaand is om vrouwees te vier. Ons moet die kollig op ons mede-vrouereisigers deur hierdie wêreld skyn en ons moet vir hulle hande klap en hulle op ons skouers tel en hulle aanmoedig.

Die heel belangrikste stem vir elke mens is God se stem. Die Bybel is vol van sy beloftes. God het 'n koning gesien toe Hy na Dawid gekyk het – Dawid se broers het in hom 'n skaapwagter gesien. God het baie vroue in die Bybelse tyd gebruik om sy raadsplan uit te voer – vroue wat onbewustelik meegewerk het om sy doel te bereik. In God se oë was hulle waardevol.

Die Amerikaanse gospelsangeres Lauren Daigle se liedjie *You say* sê dit treffend:
*You say I am loved when I can't feel a thing*
*You say I am strong when I think I am weak*
*And you say I am held when I am falling short*
*And when I don't belong, oh, You say I am Yours*

God bepaal jou waarde – nie mense nie. Sien jouself deur God se oë en hoor sy stem. God gebruik gewone vroue soos ek en jy wat gewillig is om in ons eie lewens asook in die lewens van ander uitsonderlike dinge te vermag. Vier jou unieke menswees hierdie Vrouedag en Vrouemaand!

**Mari-lizé Beukes**
**(Voorsitter NHSV Hoofbestuur)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Augustus 2025, en word hartlik geluk gewens:**
  - Woensdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (emeritus)
  - Donderdag 7 Augustus: Di HJ (Kobus) Celliers (Brits),
    EJ (Rassie) Smit (emeritus), en
    JAP (Johans) van Tonder (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (emeritus)
  - Sondag 10 Augustus Di J (Johan) Ayres (emeritaat/Germiston),
    D (Denise) Schmidt (Jeffreysbaai/Port Elizabeth)
  - Woensdag 13 Augustus Ds JMJ (Jan) de Wet (emeritaat)
  - Vrydag 15 Augustus Ds Z (Zilcha) Mostert (Louis Trichardt)

## Gemeentes en bediening



Prop Annami Cockeran

- **Prop A (Annami) Cockeran** (beroepafwagtend) het 'n beroep na Elandspoort (deeltyds) ontvang. Sy het die beroep aanvaar en is reeds op 6 Julie 2025 bevestig.

- Die Moderamen het tydens hul gewone vergadering op 25 Julie 2025 met waardering kennis geneem van die goeie samewerking wat tot die samesmelting van die **Gemeentes Hazyview, Sabie en Witrivier** op **22 Junie 2025** aanleiding gegee het, en neem met dank kennis dat die naam van die nuwe gemeente intussen bevestig is as ***Panorama***.

- **Sondag 17 Augustus: Bybelsondag**
  **Spesiale deurkollekte vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:** Volgens die besluit van die AKV, betaal gemeentes een Sondag per jaar se eredienskollekte aan die Bybelgenootskap oor. Die Kommissie van die AKV het aanbeveel dat dit vanjaar op DV **Sondag 17 Augustus** sal plaasvind. Stuur gerus 'n epos aan **malan@biblesociety.co.za** om navraag te doen in verband met bankbesonderhede en gemeentes se donateursnommers.




- **Gemeente Odendaalsrus** vier op **28 September 2025** hul 70-jaar herdenking onder die tema "**70 jaar van genade**" en nooi u hartlik uit om saam te kom deel in hierdie baie spesiale geleentheid. Die erediens begin om 10:30 by die kerkgebou in Boshoffstraat 30, Odendaalsrus, en word gelei deur ds Cas du Plessis, met nagmaal bedien deur ds Anel Boshoff. 'n Skyfievertoning oor die gemeente se geskiedenis sal vertoon word, en daarna is daar 'n ligte ete en geleentheid om saam te kuier. Laat weet asseblief voor **14 September** hoeveel persone dit gaan bywoon.

- **Sinodale offergawes – Volhoubaarheidsmodel:** Die Raad van Finansies wil reeds vóór die eerskomende AKV vir gemeentes die geleentheid bied om volledig ingelig te word oor die beskrywingspunt, en om enige vrae daaroor te opper. Die Raad glo dat dit die gehalte van die gesprek op die AKV sal dien en daartoe sal bydra dat die 74ste AKV 'n goeie besluit tot voordeel van die Kerk sal neem. Daarom bied die Raad van Finansies op die volgende datums webinare aan insake hierdie voorgestelde volhoubaarheidsmodel vir sinodale offergawes:
  - 29 Julie 2025 – 09:00 tot 11:00
  - 31 Julie 2025 – 18:30 tot 20:30
  - 18 September 2025 – 09:00 tot 11:00 en 18:30 tot 20:30

  Die Zoomskakel is soos volg:
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  **ID:** 942 768 9935
  **Wagwoord:** SGB

# Werksgeleentheid

- **WERKRUIMTE VIR DEELSORG BEDIENING: GEMEENTE DOLFYNKUS & DURBAN-SUID**

Die Gemeente Dolfynkus, ’n hartlike en groeiende geloofsfamilie aan die Noordkus, tesame met Gemeente Durban-Suid, nooi aansoeke in vir ’n deelsorgbedieningposisie. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

**Gemeentes**
Ons is op soek na ’n dinamiese en roepingsgedrewe persoon wat met ’n passie in ’n gemeente wil dien. Die gemeentes is toegewyd aan die erediens en die verkondiging van die woord van God. Die posisie is ideaal vir iemand wat ’n lewende verhouding met Jesus Christus en ’n liefde vir mense het. Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid in ooreenstemming met ons geloofsbeginsels is ’n vereiste.

Verantwoordelikhede sluit in bedieningswerk soos uiteengesit in die Kerkorde van die NHKA (preekbeurte en eredienste), pastorale sorg en besoeke soos benodig, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is belangrik.

- Gemeente Dolfynkus
  Die Gemeente Dolfynkus is 98 jaar oud. Die gemeente het 38 belydende lidmate en 2 dooplidmate.

- Gemeente Durban-Suid
  Die Gemeente Durban-Suid is 67 jaar oud. Die gemeente het 42 belydende lidmate en 10 dooplidmate.

**Kerkgebou**
Die Gemeente Dolfynkus beskik nie oor ’n eie kerkgebou nie en eredienste vind tans in Westbrooke plaas. Die Gemeente Durban-Suid se kerkgebou is in Beaconweg 137, Grosvenor, Bluff. Daar is nie ’n pastorie beskikbaar nie.

**Vergoeding**
Die gemeente kan die predikant vergoed met ’n totale pakket van R546 450 per jaar. Behuising van R18 000 p/m, water en ligte asook ’n datapakket sal bygevoeg kan word.

**Leraarsprofiel**
Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik. Teologiese opleiding en ondervinding in gemeentebediening geniet voorkeur.

**Aansoeke**
Stel u belang? Stuur u CV (VBO-krediete ingesluit) en ’n kort geloofsgetuienis en verwysings na die SGB-verteenwoordiger en -fasiliteerder dr Hannes Janse van Rensburg (**HannesSGB@nhk.co.za**).

Aansoeke sluit op **22 Augustus 2025**. Met ontvangs van die CV sal ’n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Kom wees deel van wat God besig is om by Dolfynkus te doen!

**Onderhoude**
Aansoekers moet beskikbaar wees vir ’n virtuele of fisiese onderhoud te Ballito, KZN.

**Vertroulikhheid**
Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie. Aansoekers sal verwittig word wanneer die beroep uitgebring word.




- **VAKATURE: PERSOONLIKE ASSISTENT VIR DIE BEDRYFSHOOF**

**Sinodale Dienssentrum – Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)**
Die NHKA nooi geskikte en dinamiese kandidate uit om aansoek te doen vir die pos van **Professionele Assistent vir die Bedryfshoof** by die **Sinodale Dienssentrum** in East Lynne, Pretoria.

**Pligte en Verantwoordelikhede:**

- Professionele administratiewe ondersteuning aan die Bedryfshoof.
- Hantering van korrespondensie, afsprake en vergaderings.
- Versameling, verwerking en verspreiding van inligting en dokumentasie.
- Koördinering van interne en eksterne kommunikasie.
- Logistieke ondersteuning vir projekte en bestuursfunksies.
- Vertroulike hantering van inligting en sensitiewe sake.

**Vereistes:**

- 'n Geskikte kwalifikasie in administrasie, kantoorbestuur of 'n verwante veld.
- Ten minste drie jaar toepaslike werkservaring in 'n soortgelyke rol.
- Uitstekende rekenaarvaardighede (MS Office-pakket, e-pos, datahantering).
- Vaardigheid in Afrikaans en Engels (geskrewe en gesproke).
- Sterk organisatoriese en kommunikasievaardighede.
- Diskresie, lojaliteit en 'n professionele ingesteldheid.

**Aanstellingsvlak en vergoeding:**

- Markverwante salaris gebaseer op kwalifikasies en ervaring.
- Voltydse pos gebaseer by die Sinodale Dienssentrum in Pretoria.

**Aansoekprosedure:**
Stuur asseblief 'n volledige CV vergesel van 'n motiveringsbrief en ten minste twee kontakbare verwysings na: **johan@nhk.co.za** of **mannekrag@nhk.co.za**

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 31 Augustus 2025

Let wel: Slegs kandidate wat aan die vereistes voldoen, sal vir 'n onderhoud genader word. Die NHKA behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

## SP Engelbrecht-museum




- **Kom span uit op Oom Fanie se Werf!**
  Op Saterdag **30 Augustus** van **08:00 tot 14:00** word die **museum** (h/v Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal, Pretoria) omskep in 'n egte plaaswerf vol kultuur, kuier en pret! Kom kyk hoe koeëls gegiet word, bak saam miershoopbrood, geniet volkspele en 'n stoeivertoning, luister na Albert Blake se praatjie oor Jopie Fourie, en neem deel aan speletjies vir oud en jonk. Daar is ou karre om te bewonder, ritte op 'n 1910-High Wheeler, genealogie-

uitstallings, en die kans om jou eie ossewaentjie te bou. Heerlike tradisionele kos en geure wag, met kwaliteit uitstallers wat by die outydse tema pas. Prof SP Engelbrecht (Oom Fanie), die vader van ons kerkmuseum, nooi jou uit om saam te kom vier. Trek outyds aan (selfs net 'n hoed) en beleef ons gasvryheid. Toegang is gratis; 'n opsionele donasie gaan aan die Museum en inkomstebehoeftige Mootgemeentes. Volg ons op ***Facebook*** en deel die uitnodiging!

## Vergaderings

- Dinsdag 12 Augustus: Ouderlinge Ontwikkeling
  Kuratorium

## Kerklike en ander publikasies









## Kom kyk saam

- Mnr Christo Pieterse, finalejaarstudent aan die Hervormde Teologiese Kollege, herinner ons dat ons nie alles self hoef te dra nie, die Here is teenwoordig. Luister saam.
  **#teologiestudente #geloof #teenwoordig**



## ’n Gedig

**Waar vroue wandel**

Ek het ’n vrou gesien
by die hek van ons kerk,
haar hande leeg, haar oë vol vrae.
Sy het nie gekom vir ’n preek nie,
maar vir brood –
en ’n bietjie vrede.

Sy dra meer as honger,
sy dra ’n land se las,
kinders op haar rug,
gebede in haar tas.

Want waar sy staan –
met haar hande leeg, haar hart vol moed –
daar begin die koninkryk weer groei.
Nie in stilte nie, maar in haar stem.
Want waar vroue staan, staan hoop.
En waar hoop groei,
word Christus sigbaar.

**Skrywer onbekend**

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
  - 30 Augustus — Rustenburg-Suid, Ottosdal, Ventersdorp
  - 6 September — Meyerton-Suid
  - 27 September — Strand

- Dis weer daai tyd van die jaar! **Gemeente Ventersdorp** hou basaar saam met ons jaarlikse 4x4-dag.
  - Iets vir almal om te eet van soet tot sout, topgehalte vleis tot staatmaker pannekoek.
  - Stalletjies om van te kies en te keur.

  Ons sien jou daar! **30 Augustus 2025** by Trimpark Ventersdorp. Uitstallers is welkom. **Kontak vir Wessel** 082 961 0144 vir enige navrae.

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus** Hoedspruit se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike haarpamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir 6 persone ter waarde van R16 000.

Daar is twee maniere om deel te neem:-

- Koop direk by Susan la Grange.
- Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 bestel. Jy sal 'n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

Bankbesoonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, Rekeningnommer 033358346, Takkode 052752.

Die trekking vind op **30 November** plaas!







- **Gemeente Montana-Oos** vier DV die naweek van 5-7 September 2025 haar **50ste bestaansjaar**. Oud-lidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die naweek saam met ons deur te bring. Die program vir die naweek is soos volg:
  - Vrydag 5 September: Vanaf 15:00: Spitbraaikuier vir die hele gesin/dans.
  - Saterdag 6 September: 08:00: Pretstap en basaar van 08:00-13:00. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir almal.
  - Sondag 7 September: 09:00: Feesdiens en nagmaal met lede van Hoërskool Montana se koor. Verversings na die diens.

  **Vir meer inligting**, kontak ds Frikkie van Wyk 083 625 6788 of die skriba Johan Emmenis 060 546 7438 of stuur 'n epos na **gfvanwyk@nhk.co.za**.

- **Gemeente Klerksdorp-Suid** hou 'n **Blesbokkompetisie** teen R50 per inskrywing.
  - Eerste prys: 20 kg wors & 20 kg maalvleis
  - Tweede prys: 10 kg Wors & 10 kg maalveis

  Die gelukkige trekking vind op **7 September 2025** plaas.
  **WhatsApp vir Trudie** (072 393 5187) vir enige navrae en aankoop van lootjies.

## Toerusting




- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die Hervormde Teologiese Kollege het 'n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om op hul eie manier Nicea te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is 'n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde-advertensie in *Blitspos* dop om op hoogte te bly.




## Barmhartigheid



- **Vrywillige uitbetalings – Augustus 2025:** Baie dankie aan elke NHSV-tak en gemeente vir U getroue ondersteuning en bydraes deur die jare heen. U gee nie net finansieel nie – u gee hoop, hulp en liefde. Elke bydrae dra werklik daartoe by om 'n verskil te maak in die lewens van bejaardes, studente en behoeftiges regoor ons land.

  Die uitbetalings wat in Augustus gedoen word, ondersteun vier belangrike fokusareas: Bejaardesorg by Ons Tuis en elders in die land, studielenings aan Hervormde studente, barmhartigheidswerk in ons gemeenskappe, en ons tydskrif *Die Christelike Vrou*.

  Ons vra dat elke NHSV-tak probeer om 'n derde van haar inkomste aan die Hoofbestuur oor te dra. Dit stel ons in staat om landswyd hulp te verleen waar daar tans soveel nood is. Die oorblywende twee derdes kan volgens die tak se eie oordeel aan plaaslike behoeftes en projekte bestee word.

  Neem asseblief kennis dat oorbetalings aan plaaslike instansies, soos tehuise vir bejaardes, direk vanaf die tak of gemeente aan daardie instansies oorbetaal moet word.

  Elektroniese betalings en bankdeposito's is welkom – klik **hier** vir die NHSV se betaalstaat. Stuur asseblief die ingevulde betaalstaat én bewys van betaling aan **finansies@nhsv.org.za**.

  Met opregte dank vir elke oop hand en warm hart. Laat ons sáám die lig wees in 2025.

- Die **OTMT** is in die proses om die **Van Rensburg-tehuis in Danville** te verkoop en al die inwoners moet na Ons Tuis Riviera verhuis. Hulle benodig 'n vervoermaatskappy om die inwoners se besittings en die tehuis se meublement/toerusting gedurende **Augustus** te trek. U word vriendelik versoek om **Hannelie Fourie** by **hf@otmt.org** te kontak indien u weet van iemand wat hiermee behulpsaam kan wees aangesien die OTMT nie oor die fondse beskik om vir die diens te betaal nie.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

Here, ons roep U aan –
vir elke mens wat vandag swaar dra,
maar veral vir vroue:
vir dié wat stil huil agter glimlagte,
wat hoop saai waar daar min is,
wat liefhet sonder grense,
wat veg sonder erkenning.
Omvou hul met U vrede,
dra hul met U genade,
fluister in hul hart:
“Jy is gesien. Jy is geliefd. Jy is genoeg.”
Mag hul lewens ’n lig wees,
selfs wanneer die wêreld donker voel.

Amen.

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann